Geliefde Lourensrivierder

Ek ontvang hierdie pragtige woorde van ‘n vriendin, en deel dit graag met jou.

Ek kan maar net bid dat dit sommer nou al aan my afsmeer, veral met die gejaagde, dol tyd wat vir ons lê en loer.

Here, ek wil asb met grasie ouer en wyser word.

NUUSKRUMMELS: 16 NOVEMBER 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

KERSSANGDIENS op Sondagaand 26 November 2017 @ 19h00 saam met die Canta-Varia koor♫♫
Stephan Meyer sê: “Ons draf deur die Nuwe Testament (geboorte ... lewe ... kruisiging ... uitstuur ... wederkoms) met Koor, Gemeentesang, Skriflesings en Voorlesings.
Dit sal die heel laaste optrede van die Canta-Varia koor wees, want die koor ontbind op Maandagaand 27 November 2017 na baie jare se heerlik saamsing.
Na die Kerssangdiens is daar heerlike verversings vir die hele gemeente.

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

KERSMARK SUIDER-STRAND 21 NOV – 2 DES
Dit is nou die tyd om jul kersinkopies te doen by Jan en Anita van Noordwyk se Kersmark.
Maan – Vry van 09:00 tot 19:00 en Sat van 09:00 tot 17:00 te Suider-Strand kerksaal in Gordonsbaaiweg, Strand.

Kom geniet ook heerlike etes, tee en verversings in die kafeteria, aangebied deur Suider-Strand Gemeente.

Wegneemetes ook beskikbaar.

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

HUIS PAM BRINK INHUIS KERSMARK (Volledige advertensie onder aangeheg)



Ons vier fees in **LiG** se Desember/Januarie-uitgawe! 'n Spesiale uitgawe propvol stories en wenke wat jou sal verryk en inspireer. Ons vier die vrede wat Christus bring. Ons vier 80 jaar van genade, seën en gesinwees. En ons vier Kersfees in dankbaarheid dat ons ons geloof mag uitleef. Lindie Strydom, Liesel Krause-Wiid en Rouchelle Liedemann vertel juis hoe hulle geloof 'n elkedagse werklikheid is.
'n Gesin van Knysna deel die lesse wat hulle geleer het ná hul huis afgebrand het. Ons Kerstafelgaste onthou die lang pad wat hulle met LiG gestap het, en ds Nelis Janse van Rensburg roep ons op om met verbeelding te leef. Kry idees oor hoe jy Kersfees anderster kan vier – deur te gee. En leer by getroudes oor hul huweliksgeluk. Ons gee ook wenke hoe jy jou kind goeie maniere kan leer, en wat presies jou tiener nodig het.
Daar is praktiese kosmaakplanne, blokraaisels vir die vakansie en 'n besonderse hekelprojek vir dié wat hou van handwerk.
LiG – vir jou en jou mense!

LiG se Desember/Januarie-uitgawe is nou te koop in boekwinkels en supermarkte. Of teken in as gemeente en spaar! Gesels met Jeanne van Niekerk vir meer inligting. (Kliek op Jeanne se naam om 'n e-pos te stuur of skakel haar by 021 864 8252.)

KNIEWERK:

- Dankie Heer vir U genadereën! Ons bid voortdurend dat U wil sal geskied. Ons bid vir die boere wat swaarkry, ons waterkrisis asook vir vrede, regverdigheid en eerlike leiers.
- Kankerbehandeling: Owen Wallis, Paul Louw
- Joël Kriegler vir gesondheid
- Donald & Lettie van Rensburg vir gesondheid
- Jean Louw herstel na skoueroperasie
- Leon Strauss gaan vir operasie, Donderdag, 23 November

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb. op hoogte.

GEBEDSHULPMIDDEL VIR NOVEMBER WEEK 2:

KOM ONS RAAK PRAKTIES

Week 3

- **Oordink die name van Jesus en bid hulle.**
- **Bid jou gebedsversoeke in Sy Naam.**
- **Gebruik die gesag van Sy Naam.**
- **Bestraf die vyand in Sy Naam.**

BERG 80 VERJAARSDAE: NOVEMBER 2017

Byvoeging: Alta Ellis verjaar vandag, 16 November en word 81. Baie baie geluk!

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 19 NOV SE BOODSKAP: 1 TESS 5:1-11

(VIER-EN-TWINTIGSTE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Wanneer kom die lewe?

Die feit dat Jesus weer gaan kom en die ontslapenes gaan opwek, lei vanselfsprekend na die vraag: Wanneer gaan dit gebeur?
Daarom verwys Paulus aan die begin van ons teks, hoofstuk, na die tye en omstandighede van Jesus se terugkeer. Hy sê dis nie nodig om daaroor te skryf nie, natuurlik omdat hy die Tessalonisense daaroor onderrig het terwyl hy persoonlik by hulle was.
Die kern daarvan is: niemand weet wanneer Jesus terugkeer nie. Die dag van die Here sal onverwags kom.
Paulus gebruik 'n treffende beeld. Jesus se koms sal wees soos wat 'n dief in die nag onverwags opdaag om te roof. Diegene wat Jesus nie as Here en Koning volg nie mag dink alles is rustig en veilig.
Jesus se terugkeer sal hulle onverwags oorval, soos geboortepyne 'n swanger vrou (nog 'n treffende beeld). Niemand sal ontkom nie (5:3).
Gelowiges, wat nie in die duisternis leef nie, sal egter nie oorval word nie. Ons is mense van die dag, mense van die lig, ons is nie van die nag of die duisternis nie (5:4-5). Jesus se koms is nie soos dié van 'n dief in die nag in die midde van mense wat Hom lank reeds in hul lewens en geloofsgemeenskap verwelkom het nie. Die een ding wat anders sal wees – vir gelowiges – op die groot dag van die Here is dat ons Jesus met ons eie oë sal sien. Ons sal ook op daardie dag verras wees. Dis soos wanneer jy, skryf iemand, rustig agteroor sit in 'n stil hoekie, met 'n koppie koffie, en jou vierjarige skielike deur die deur bars en skreeu: "Hallo pappa!"
Dit kan jou so groot laat skrik dat jy jou koffie oor jou hemp stort. Jy weet jou kind is in die huis, maar jy het nie verwag sy sal op daardie spesifieke oomblik met 'n "bang!" deur die deur storm nie. Maar as jy oor die skrik is, omhels jy jou kind. Jy het geskrik, maar jy is beslis nie bang nie. So sal dit ook met Christene wees. Ons kan selfs van verrassing steier wanneer die laaste trompet weerklink. Maar sodra ons oor die skrik is, sal ons Jesus sien en só die diepste sin van die lewe van aangesig tot aangesig ontmoet.

Oases sing: Koning van die Konings: https://www.youtube.com/watch?v=HoqEB8tw-EY

OORGEE, OMGEE, AANGEE

Jackie@Lourensrivier

HUIS PAM BRINK

Versorgingsdiens vir Ouer Persone

Huis PAM Brink
Myburghstraat 16
STRAND 7140

Telefoon 021 8544579
Faks 021 8544770

E-pos: pambrink.admin@gmail.com
Geregistreerde Organisasie Sonder Winsoogmerk (Registrasie nr 011-891)

IN-HUIS KERSMARK

VANAF 15 NOVEMBER TOT 15 DESEMBER

Ons verkoop deurlopend :

Lekkergoed verskeidenheid
Tuisgemaakte mostert
Konfyt
Pasta slaai
Beskuit
Variasie van tuisgemaakte **droë koekies**
Geskenke vir groot en klein
Pragtige **naaldwerk** items wat as geskenke gegee kan word.

Woensdag 15 November om 10:00 skop ons af met 'n **Koek en Tee/Koffie restaurant**. Kom kuier gerus saam en geniet heerlike tuisgebakte soet en soutigheid.

Vrydag 24 November gaan ons heerlike **Skaapvleis groenboontjie potjie** verkoop @ R30.00/500ml bakkie. Hierdie is 'n Vrydagaand wegneemete winskopie. Etes kan vanaf **14:00** afgehaal word.

Woensdag 29 November om 10:00 gaan ons liplekker **Poeding** verkoop @ R6.00/250ml bakkie.

Vrydag 8 Desember verkoop ons **Spek n Eierbroodjies** @ R15.00 elk. Vir afhaal vanaf 08:00.

PLAAS BESTELLINGS VOORAF BY CHRISTINE (021) 854 4579 OM TELEURSTELLING TE VOORKOM !!

ONDERSTEUN ASSEBLIEF ONS LAASTE FONDSINSAMELINGSPOGING VAN 2017!

Met dank, Bestuur